Vrydag 24 April
Skrifgedeelte: Psalm 142:1-8
Fokusgedeelte: Psalm 142:2, 8a (AFR2020)
Die Here se genade bring sekerheid van bevryding uit gevangenskap

Dawid pleit dat die Here hom uit sy gevangenskap sal lei. Hy bevind hom in 'n grot waar hy vir Saul vlug. Mense vang hom ook vas. Hulle bedreig sy lewe met ondergang. In die geheim span hulle 'n vangnet vir hom. Sy vervolgers wil hom oorweldig. Hulle is te sterk vir hom. Hy mis 'n veilige skuilplek (vs 5).

Daarby is daar niemand wat hom help nie. As hy kyk, is daar niemand wat hom goedgesind is nie (vs 5). Niemand gee om vir hom nie. Hy staan in sy nood alleen. Sy gees word swak in hom. Hy besef sy nietigheid. Die bedreiginge is net te groot. Hy gryp egter in die geloof na die Here, roep na Hom om hulp. Hy vertrou dat die Here hom uit die dinge wat hom so vasvang, sal lei. God is die Bron van sy sekuriteit. Met sekerheid bely hy: *"U is my skuilplek, my deel in die land van die lewendes."*

In tye van kwade optrede en as ondersteuning van ander ontbreek, is die Here daar om hulp te bied aan sy kind. Al sou ander ons ernstig bedreig en in die steek laat, kan ons vas vertrou dat die Here ons ook uit daardie gevangenisse sal bevry. Christus het Homself ter wille van ons laat vasvang in die tronk van sonde, vyandigheid en verlating. Geen magte kon Hom egter inperk nie. Met goddelike krag het Hy daardie tronkdeure oopgebreek sodat ons bevryding kan ontvang.

Ons kan saam met die Psalmdigter in vertroue, ook tot voordeel van ander (vs 8b), die Here smeek: *"Lei my uit gevangenskap sodat ek u Naam kan prys"* (vs 8a).

*Sing: Psalm 31-1:1, 2, 3, 5, 15; Psalm 142:1, 3, 4, 6 (alternatiewe melodie Ps. 134)*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)*